BESIGHEIDSENTRUM

Gallies spog nou met sy eie klerewinkel. Ons kan spog met goeie gehalte klere teen bekostigbare pryse.

Alle soorte items is beskikbaar vanaf sporttoerusting, sport- en skooldrag.

Skryfbehoeftes en geskenksakkies is ook beskikbaar.

SKENKINGS

U is welkom om u ou skool- en sportklere aan die klerebank te skenk.

OMRUILINGS

Bring u kind se klere wat te klein geword het en ruil vir groter nommer.

Let asb op die volgende: Indien u klere omruil, sal dit met klere wees wat in min of meer dieselfde toestand is as die klere wat u ingebring het.

AANKOPE

Tweedenhandse klere is beskikbaar teen billike pryse. Neem asseblief kennis dat nie alle sportklere noodwending hier beskikbaar is nie - ons is afhanklik van skenkings.

TYE

Die klerebank sal voortaan slegs op die volgende tye funksioneer: Maandae - Vrydae vanaf 07:15 - 14:30

VERLORE KLERE OF ITEMS

Daar is 'n oranje houer voor die klerebank waarin verlore items of klere geplaas word. Indien u kind iets verloor het is hy of sy welkom om dit gedurende pouses of buite klastye daarin te gaan soek. Die houer sal elke Vrydag leeggemaak word en gemerkte items sal waar moontlik aan die leerder terugbesorg word. Alle ongemerkte items wat teen Vrydagmiddag van die betrokke week onafgehaal is, sal voortaan in die klerebank opgeneem word.

BAIE BELANGRIK:

Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore klere of items nie. Dit bly die kind se verantwoordelikheid om sy eie eiendom op te pas. Die onus rus op u as ouer om toe te sien dat items wat skool toe gebring word gemerk is. Daar kan nie aanspraak gemaak word op verlore klere tensy dit gemerk is nie om sodoende te bewys dat die klere of items wel aan die kind behoort.